

24 Junie

Skrifgedeelte: 1 Samuel 31

Saul pleeg selfmoord

Toe die Filistyne Saul se seuns doodmaak en hom vaskeer, vra Saul sy wapendraer om hom dood te maak. Toe hy egter weier, pleeg Saul selfmoord deur in sy eie swaard te val. Só word die lewe van Saul beëindig. Saul is een van die mees tragiese figure in die Bybel. Sy lewe wat aanvanklik so beskeie en dapper begin het, het geleidelik 'n lewe van ongehoorsaamheid geword. Ja, Saul se groot sonde was sy halwe gehoorsaamheid aan die Woord van God en halwe gehoorsaamheid is hele ongehoorsaamheid. Omdat hy hom nie aan God se wil onderwerp het nie, maar aan sy eie wil, het die Here hom verlaat. Daarom het die Gees van die Here van hom gewyk en het 'n bose gees oorgeneem (16:14). Die gees het hom só getreiter dat Saul in wanhoop sy eie lewe geneem het.

Die Here Jesus het in die bergrede gesê: "Nie elkeen wat vir My sê: 'Here, Here,' sal in die koninkryk van die hemel ingaan nie, maar net hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemel is" (Matt 7:21). Saul se wil was nie God se wil nie, maar sy eie wil. Dit was die groot tragedie van sy lewe. En dit is ook die tragedie van baie mense vandag wat voorgee dat hulle aan God se wil gehoorsaam is, maar tog hulle eie kop volg! Is dit miskien die tragedie van jou lewe? Onthou: wie deur die krag van die Heilige Gees met ware berou en bekering sy/haar toevlug tot Jesus Christus neem, ontvang nie net vergifnis nie, maar ook 'n nuwe lewe waarin God en sy wil die sentrum van ons lewe word.

Sing: Psalm 40:4

Dr CJ Malan (Emeritus)